**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**KENNISGEWING 481 VAN 2016**

## GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK TOLPAAIE: KORTING OP BETALING VAN TOL

Ek, Elizabeth Dipuo Peters, Minister van Vervoer, staan hiermee 'n volle korting toe in terme van artikel 27(3) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) ("die Wet") van die betaling van tol met betrekking tot die Gauteng Deurpad Verbeteringsprojek (GDVP) tolpaaie op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk ("die Agentskap") vir motorvoertuie terwyl dit persone met ongeskikthede vervoer soos in die Bylae omskryf.

Sodanige tolpaaie is soos deur Goewermentskennisgewings Nr. 349 tot 354 in Staatskoerant Nr. 30912 van 28 Maart 2008 verklaar:

- N1 dele 20 en 21
- N3 deel 12
- N4 deel 1
- N12 dele 18 en 19

Soos verklaar deur Goewernmentskennisgewing Nr. R.800 in Staatskoerant Nr. 31273 van 28 Julie 2008:

- R21 dele 1 en 2.

Die korting wat kragtens hierdie Kennisgewing van toepassing is, sal nie vroeër as 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Staatskoerant betaalbaar wees nie.

**ME DIPUO PETERS, LP**

**MINISTER VAN VERVOER**

**BYLAE**

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

## GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK TOLPAAIE: KORTING OP DIE BETALING VAN TOL

1. Motorvoertuie wat persone met ongeskikthede vervoer soos hieronder beoog en wat aan die vereistes voldoen van die Regulasies op Vrystelling van en Kortings op die Betaling van Tol, 2016 wat deur die Minister van Vervoer met betrekking tot vrystellings en kortings gemaak is ("Vrystelling- en Kortingregulasies"), geniet 'n volle korting op die betaling van tol wanneer hulle die persone wat hieronder beoog is vervoer, op die volgende e-paaie naamlik:

   (a) Soos verklaar deur Goewermentskennisgewings Nr. 349 tot 354 in Staatskoerant Nr. 30912 van 28 Maart 2008:

   - N1 dele 20 en 21
   - N3 deel 12
   - N4 deel 1
   - N12 dele 18 en 19

   (b) Soos verklaar deur Goewermentskennisgewing Nr. 800 in Staatskoerant Nr. 31273 van 28 Julie 2008:

   - R21 dele 1 en 2

   Die Vrystelling- en Kortingregulasies skryf die vorms wat gebruik moet word, die inligting wat verskaf moet word en die prosedures wat gevolg moet word met betrekking tot sodanige korting, voor):

2. Die korting is van toepassing op Klas A2 voertuie wie se eienaars die inligting en dokumente verskaf het wat deur die Vrystelling- en Kortingregulasies vereis word en wat 'n e-tag uitgereik deur die Agentskap by sodanige voertuig aangebring het, ooreenkomstig die e-Pad Regulasies, 2013 en die Vrystelling en Kortingregulasies en waar die aansoeker in staat is om aan te toon dat die voertuig gebruik is of sal word om 'n persoon of persone te vervoer wat volgens die onderstaande omskrywing van ongeskiktheid kwalifiseer.

3. Sodaninge omskrywing is soos volg: "persone wat langtermyn fisiese, sielkundige,

intellektuele of sintuiglike gebreke het wat, in samewerking met ander gebreke, hulle volle en doetreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander persone kan strem". Sielkundige toestande soos outisme, sielkundige gesondheid, vallende siekte en hardhorendheid sal ook oorweeg word.

4. Die mediese toestand moet permanent wees en moet funksionele beweeglikheid strem, soos deur 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn geregistreer by die Gesondheidpraktisynsraad van Suid Afrika aangetoon is. 'n Gebreklikheidsvraestel wat deur die aansoeker en die mediese praktisyn voltooi is moet die sertifikaat vergesel.

5. Die korting moet die maandelikse e-tol-drempel vir die voertuig vir die betrokke kalendarmaand nie oorskry nie.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**